VERKENNER INSTELLING

HOOFLESER

GRONDSLAG

Die beweging berus op 'n Christelik-volkseie grondslag met die erkenning van die Oppergesag van die Drie-enige God en gehoorsaamheid aan die Bybel, as die onfeilbare Woord van God, wat vir ons sal dien as enigste norm en rigsnoer.

DOELSTELLINGS

Al ons aksies, take en werkswyses is ingestel op Volksbou en Volksbehoud tot eer van die Lewende God

HULPVOORLESER

Lidmaatskap sal beperk wees tot Boere-Afrikaners, wat:

* genoemde Grondslag en Doelstellings hul eie gemaak het en dit ten volle onderskryf;
* aan geen volksvreemde organisasie behoort nie en
* aan geen Afrikaanse of ander organisasie behoort wat op enige wyse die regte of identiteit van die Boere-Afrikaner wil aantas of vervreem nie.

HOOF:

* Ons versoek alle persone wat die grondslag en doelstellings onderskryf en wat beantwoord aan die lidmaatskap vereistes soos aan u voorgehou en graag as Verkenners ingelyf wil word,om na vore te tree.

(Ons versoek ook alle reeds ingestelde Verkenners om agter die nuwe kandidate stelling in te neem vir die herbevestiging van die Verkennerbelofte)

* Ons versoek alle ander besoekers en vriende teenwoordig om asseblief die instelling staande aan te hoor.

Geagte vriende na die voorhou van die ***TIEN INSTELLINGSBELOFTES***, sal ons graag van u 'n duidelike antwoord van aanvaarding verwag.

HULP:

Ons dra nou die instellingsbeloftes namens u voor:

Ek vereenselwig my volkome met die Grondslag en Grondwet van die Verkennersbeweging van Suid-Afrika en onderneem plegtig:

1. Om my te beywer vir die handhawing en uitbouing van die Boere-Afrikaner se taal en Boere-Afrikanerkultuur;
2. Om my te beywer vir die behoud van die Boere-Afrikaner se erfenis as vrye Boerevolk in 'n eie Vryheidstaat;
3. Dat ek alles in my vermoë sal doen om Boeretrots en Boeretrou en Boerenasionalisme uit te bou en te bestendig;
4. Om studieus te wees en sodoende verkenningswerk op die politieke, kulturele en staatkundige gebied te doen en terugvoering aan my Verkennerspos te gee;
5. Dat ek getrou betrokke by die aktiwiteite van my Verkennerspos sal wees en opdragte stiptelik sal uitvoer;

HOOF:

6. Dat ek aktief en kreatief by Boerekulturele bedrywighede in my omgewing sal wees;
7. Dat ek die belange van die Boere-Afrikaner te alle tye onvoorwaardelik eerste sal stel en sal bevorder;
8. Dat ek te alle tye onverskrokke lojaal teenoor die Verkennersbeweging sal wees; ook die nodige lojaliteit teenoor my mede-Verkenners sal betoon;
9. Dat ek die vergaderings en aktiwiteite van my Pos gereeld sal bywoon en bereid is om my aan die tug van die Beweging te onderwerp waar nodig;
10. Dat ek die Beweging sal dien terwyl hy hom hou by die ***BEGINSELS*** en ***DOELSTELLINGS*** soos in die Grondwet vervat is.

GEAGTE VRIENDE WAT IS HIEROP U ANTWOORD?

***Mag die Drie-enige God u lei en rig en genadig wees om hierdie beloftes eerbaar na te kom en eervol uit te lewe. ***

HULP:

"Ons weet, o Heer, dat al ons dade nie so ....sterf,
dat MOED voor U geregtigheid sy waarde hou soos goud in vuur...
En dat ons DAAD in hierdie land móét bly:
'n Lig wat wink! 'n Vlam wat skroei!"

HOOF:

Geagte Verkennersvriende ons wil graag aan u 'n bekende gedig voorhou wat al landswyd as ***"CREDO"*** deur ons Verkenners aanvaar word:

Wees sterk!
Daar's 'n nasie te lei
Daar's 'n stryd te stry
Daar's werk.
Daar's nie na guns of eer te kyk
Daar's nie na links of regs te wyk
Daar's net te swyg en aan te stryk

KOMAAN!

Wees trou
Daar's 'n volk te leer
Om homself te eer, te bou
Om God en God alleen te vrees
Aan aard en taal getrou te wees
Gesond en waar van hart en gees
KOMAAN!

HULP:
Verkenners ons glo dat ons **leuse**:
Ons Kan! Ons Wil! Ons Sal!
deur elke Verkenner in die ***"CREDO"*** uitgeleef kan word.